**RAADSKENNISGEWING 33 VAN 2017**

## KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR DIE OMSKRYWING VAN DIE PRODUKSIEGEBIED RIEBEEKSRIVIER

---

(Ingevolge Artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewerments-kennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990)

---

Neem kennis dat Anthonij Rupert Wyne (Edms) Bpk by die Raad aansoek gedoen het vir die omskrywing van Riebeeksrivier as produksiegebied (wyk) om Wyn van Oorsprong te produseer.

Die wyk Riebeeksrivier is oorwegend die suidwestelike hange van Kasteelberg en behels die opvanggebied van die Riebeeksrivier.

Die voorgestelde grense is ter insae by www.sawis.co.za onder "Sertifisering – Nuus en inligting – Kennisgewing van aansoek vir die omskrywing van produksiegebied" of kontak Jackie Cupido by 021 807 5704.

Enigeen wat beswaar het teen die aansoek, moet sy/haar beswaar, met opgaaf van redes, skriftelik indien by die Sekretaris, Wyn- en Spiritusraad, Posbus 2176, Dennesig, Stellenbosch, 7599, binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing.